# Vrou: Eer God in hierdie era van verwarrende waardes

## 1. Inleiding

Die praatjie gaan oor vrouens – dis vrougerig.

- Dis die tema.
- Daarom moet niemand sleg voel of kwaad wees as vrouens se deelname aan ontaarding daar by die gedeelte oor verwarrende waardes aangedui word nie.
- As die lesing oor mans gehandel het, sou dieselfde en selfs erger waardeverwarring en verval aangetoon kon word.

## 2. Definisies

Geen lesing kan gegee word oor enige onderwerp as die tema nie eers ontleed word nie.

Die tema wat aan my opgedra is, is: **Vrou: Eer God in hierdie era van verwarrende waardes.**

Soos ek aan elke komponent van die onderwerp sy waarde toeken, sal ek dit ook behandel.

### 2.1 Vrou

Nog voordat ek iets van hierdie praatjie uitgewerk het, het Syntyché vir my die volgende laat weet:

> *Dominee, alle "soorte" vrouens moet in ag geneem word: getroudes, jong en "ou" enkellopendes (om watter rede ook al), met en sonder kinders, werkendes en nie-werkendes – dus nie net die "tradisionele vrou en moeder" nie.*

Ek gaan my net tot beginsels wat die onderwerp raak, beperk, anders verval mens in allerhande onsinnighede. Ek gaan dus ook nie praat oor snoesige vrouens of skraal vrouens of lui vrouens of wat ook al nie.

- Ek gaan praat oor die laaste lewende skepsel wat die Here gemaak het op die sesde dag.
- Daardie mens wat hy bedoel het dat sy die volmaakte afronding van sy skepping en van sy koninkryk moet wees – met haar liggaam, voorkoms en met haar optrede.

Ons begin om hierdie definisie van wat die betekenis van die woord *vrou* vandag gaan wees, vas te stel uit Gods Woord.

Die skepping loop met 'n stygende lyn. Elke stuk van God se skepping is mooier, beter en hoër as die gedeelte wat dit voorafgegaan het.

- So gaan die handelinge van God van chaos af na grond en water wat geskei word.
- Daarna lig wat 'n paar dae op God se bevel daar was voor Hy die son en die maan geskep het.
- Dan plante en diere.
- Uiteindelik die mens.

***Die mens is die enigste skepsel wat die Here nie deur 'n bevel laat ontstaan nie.***

- Hy maak die man met sy eie hande – Hy vorm hom uit grond (waarskynlik *rooi grond*, want *adam* beteken *grond*, maar dit beteken ook *rooi*).
- Dis die enigste skepsel waarin Hy die ewige lewe inblaas.
- Daarna maak die Here die vrou uit die beste materiaal wat in die skepping beskikbaar is – die man se liggaam.

Hierdie vrou (en na haar alle vroue) se roeping is presies soos haar skepping:

- Sy is daar vir die afronding dat hierdie hele skepping – met die mensgeslag aan die bopunt (voorpunt!) – sy pad moet kry en hou na God se ewige koninkryk toe.

- Die motivering hiervoor is redelik eenvoudig daarin dat die Psalms ongeveer 15 keer die HERE as ons "Hulp" aanspreek – ***dieselfde woord wat die Here gebruik vir die rede en roeping waarvoor Hy die vrou maak!***

Die hulpskap van die vrou is duidelik uit God se bedoeling met haar:

- Sy is deur God geskape as helper om te dien in haar
    - persoonlike lewe,
    - huwelikslewe,
    - as deel van 'n gesin,
    - in die kerk en
    - in die samelewing
- Dus: die volle koninkryk van God.

***Let wel: Iemand wat dienswerk lewer, moet reguit besluite kan neem en moet ook baie keer hierdie besluite met gesag kan afdwing.***

**Parallelle voorbeeld in die kerklike wêreld:**

- Die ouderlinge is suiwer dienaars van die Koning van die kerk – die Here Jesus.
- Tog moet hulle in hulle dienswerk aan Hom en onder die leiding van sy Gees besluite neem en met gesag uitvoer om die kerk van die Here deur die geskiedenis te versorg tot op die punt waar die kerk uiteindelik heilig en volmaak voor God se troon staan (Openbaring 14:1).

Die vrou se hulpskap in die totale koninkrykswerk wat sy verrig, lê dus parallel met hierdie voorbeeld.

- Die vrou wat iets beteken, moet sorg dat sy nie 'n hindernis en 'n belemmering vir die koninkryk van God is of word nie.
- Sy moet 'n helper en 'n bouer word.

***Die vrou word in haar hulpskap deur God uitverkies om lewe-gewer en 'n lewe-opbouer te wees.*** *(Dis nie vanselfsprekend dat dit so sal wees nie, want die eerste "geboorte" was uit die man se liggaam. Niks het die Here verhoed om dit so aan te hou doen nie!).*

- Die vrou is dus kragtens die aard van haar skepping en die doel waarvoor God haar maak, toegerus om 'n lewe-gewer en 'n lewe-opbouer te wees.

***Dus: Iemand wat goeie waardes het; wat kan onderskei; wat hierdie waardes kan oordra en voortplant.***

- 'n Vrou wat haar koninkryksroeping mis, is presies die teenoorgestelde – sy is 'n lewe-nemer en 'n verwarringsaaier.
- In werklikheid beteken sy dus vir God niks, omdat sy haar roeping mis.

Nou verstaan ons wat die Here verwag van en bedoel met die vrou wat hy maak.

**2.2 Nou ontleed ons die tweede stukkie van die tema – dié woorde: hierdie era**

**Era** beteken *tydvak/tydperk*.

- **Hierdie era:** Die tydvak waarin ons nou lewe.

- Dié tyd staan bekend as die *postmoderne* of *neomoderne* era.

Die postmoderne era het homself reeds gedefinieer: Die betekenis wat die aanhangers van die postmoderne era aan hulleself toeken, sê dat ***ons in 'n tyd lewe waarin die mens homself as só ver ontwikkel sien dat hy alle onderdanigheid prysgegee het – selfs onderdanigheid, onderhorigheid en ondergeskiktheid aan God.***

- Dink hier aan uitsprake die afgelope klompie jare van mense soos Sakkie Spannenberg en Christina Landman waarin dit duidelik gestel word dat ons onder die God wat deur die Bybel voorgestel word, ***uitgegroei*** het.
- Elke waarde in die Bybel word geïnterpreteer en ingepas binne die wette en maatskaplike reëls van die modern-profane wêreld.

Dis waarop die uitspraak gegrond is dat ons ontwikkelde mense is wat ons eie god skep en so ook ons eie waardes kan skep.

- ***Die postmoderne era deurstreep alle erkende waardes.***
- ***Alle beginsels word bevraagteken en afgekraak.***

Die heidense denke is so diep in die postmodernisme ingekruip dat sy navolgers nie meer die waarheid kan bely nie.

- Volgens hulle is dit net hoogmoed wat die waarheid bely.
- Postmodernisme ontken dat die Here die kerk by die waarheid bring.

Die post/neomodernisme sê: "Anything goes..." – elke mens se verstaan van waarhede is reg en aanvaarbaar.

- Die waarheid het volgens hulle baie kante. Elke mens se waarheid is net so waar en aanvaarbaar as enige ander mens s'n! *Behalwe as jy jou op die vastheid van God se openbaring beroep. Dan is jy verkeerd – trouens dis totaal onaanvaarbaar.*
- Die waarheid ontduik almal – volgens hulle. Daarom is die soeke na die waarheid altyddurend – hulle leer dat die mens altyd soekend sal bly.
- Alles word bevraagteken en is onvas, behalwe die wetenskap.

*Dink aan die heel jongste uitspraak na aanleiding van 'n boek wat deur 'n "toonaangewende" Afrikaanse teoloog, Willie Esterhuizen, geskryf is:* ***God sal minder moet word en die wetenskap meer, want God is veranderlik terwyl die wetenskap vas en onwankelbaar is.***

My kommentaar daarop is:

- Die enigste onwankelbaarheid daarin is die natuurkragte, naamlik lig, swaartekrag, magnetisme, en elektrisiteit, wat deur God geskep is sonder die toedoen van die wetenskap.
- Die wetenskaplike weet in elk geval nie wat hierdie kragte presies is nie en probeer om dit in menslike beelde te verklaar en die eienskappe daarvan te ondersoek en te formuleer in terme van Natuurwette.
- As die wetenskap dan so onwankelbaar is, hoekom word wetenskaplike teorieë deurlopend aangepas of selfs verwerp soos nuwe navorsingsfeite aan die lig kom. *Dit is selfs moontlik dat sommige van hierdie sogenaamde "feite" ook verwerp kan word omdat dit gegrond is op foutiewe data.*

Om hierdie soort van postmodernisme te ondersteun, gebeur snaakse dinge in ons samelewing, byvoorbeeld:

- Die huwelik wat 'n verordinering van God is, word vervang met eietydse sondes.
- Homoseksualisme vervang die skeppingsinstellings van God.

- Gay en lesbiese huwelike is meteens net so aanvaarbaar soos wat die huwelik is tussen ’n man en ’n vrou.
- Jong vrouens verkies om kunsmatig (of andersins!) bevrug te word en kinders te kry, maar hulle wil dit nie binne ’n huwelik doen nie.
- Iemand wat hierdie waardes met Skrifbeginsels beveg, word gewoon verag en as handhawers van die “establishment” uitgekryt.

### 2.3 Eer God

*Kom ons kyk eerste na die betekenis van die woord **eer**:*

Die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) het die volgende te sê oor *eer:*

Agting, aansien wat ’n persoon geniet: *Elke man sy eer gee. Die eer kom hom toe.*

Onderskeiding, iets wat die agting, aansien verhoog: ’n *Groot eer wat hom te beurt val. Eer inoes deur jou prestasies. Met eer afkom van jou optrede. Jy het alle eer van jou werk,* dit is baie goed gedoen. ’n *Prestasie wat jou tot eer strek.*

Handeling waarmee eer betuig word; hulde: *Eer bewys aan die grysaard.*

Goeie naam, reputasie: *Iemand in sy eer herstel. Op jou eer gesteld wees. Iemand in sy eer krenk.*

Hoë waarde aan iets geheg: *Iets in ere hou. Ter ere van iets.*

My aanvoeling sê vir my dat die woord **eer** in die landswye Sustersaamtrekke se tema iets anders is as wat die HAT beskryf. Dit is die soort **eer** wat byvoorbeeld in Openbaring 7:12 (AFR1953) staan:

> **Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.**

Hier beteken **eer** doodgewoon *aanbidding*!

Ons kyk tweedens na die betekenis van die woord **God**:

Hier gaan dit makliker, want ons hoef nie in ’n profane geskrif te gaan soek vir die definisie van wat ons onder die woord *God* verstaan nie. Ons belydenis het ’n baie skerp en duidelike formulering van die betekenis en inhoud van hierdie woord in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 1:

> **Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ’n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.** 2 Korinthiërs 3:17; Johannes 4:24; Jesaja 40:14.

Samevattend: Die tema vereis dus dat daar gepraat moet word oor hoe die besondere skepsel wat deur God as vrou geskape is, die almagtige en ewige God moet aanbid met haar totale wese.

### 2.4 Verwarrende waardes

Die tema vereis dat daar nie oor aanbidding in die algemeen gepraat moet word nie. Die tema vereis dat vroue se geloofsroeping teenoor God aangetoon moet word – in tye wanneer waardes verward begin raak het.

Verwarrende waardes is wanneer waardes mekaar weerspreek. Dis inderdaad nog erger:

- Dis wanneer alle weersprekende waardes aanvaarbare waardes geword het – almal behalwe die waarheid.
- Dis wanneer die absoluutheid van God se reg en waarheid deurstreep word, en vervang word met “anything goes...” – “anything goes...” op voorwaarde dat alle waardes wat deur God as vas neergelê word, met minagting verwerp en ontken word.

Die dinge wat nou gebeur, het ’n baie sterk parallel met iets wat reg aan die begin van die mens se geskiedenis gebeur het!

- Eva het die grense van haar hulpskap oortree.
- Haar wil om haar aan God te onderwerp het padgegee en daarom het haar oordeelsvermoë verbuig geraak.

Die gevolge is die katastrofiese sondeval en die vloek van God oor die hele aarde.

- Opmerklik koppel die Here nie sy vloek aan Eva se oorskryding van die grense nie, maar aan Adam se onvermoë om sy hoofskap oor sy vrou uit te oefen.
- Volgens God het Adam in sonde geval (1 Korintiërs 15:21, 22):

  **Want aangesien die dood deur ’n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ’n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word**; (1 Korintiërs 15:21, 22 AFR1953)

*Vraag: Waarom gebruik die Here die beeld van ’n vrou om die mag wat die verval in die eindtyd aanblaas te openbaar? Mans is tog vanselfsprekend die ander deelnemende party aan hierdie sonde! Tog verbeeld die Here die duiwelsmagte van die antichris as ’n vrou sonder sedes!*

Openbaring 17:1: **En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot *hoer* wat op die baie waters sit,**

Openbaring 17:15: **En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die *hoer* op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.**

Openbaring 17:16: **En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die *hoer haat en haar* verlate maak en naak, en *haar* vlees eet en haar met vuur verbrand.**

Openbaring 19:2: **Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die *groot hoer geoordeel* wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.**

In die postmoderne tyd is ons weer terug in ’n toestand wat baie naby aan parallel met die paradyssituasie is.

- Ons era word gedryf deur onder andere (gedwonge) vroulike emansipasie en die daaraan gekoppelde politieke korrektheid.
- In die Graad 11-handboek vir Lewensoriëntering (p. 38vv) word die skoolkinders gebombardeer met – wat die handboek noem – die postfeministiese wêreld en die noodsaaklike rolveranderinge wat nou moet plaasvind.

Let op na praktiese veranderinge wat plaasvind – en wat myns insiens katastrofiese gevolge het.

- Mans tree toenemend (soos Adam in die paradys!) op die agtergrond.
- Daarmee saam verval geykte lewenswaardes en kom nuwe verwarrende aanvaarbaarhede na vore – dinge wat nie klop met enige vastigheid nie.
- Die *skoolhandboek* (p. 40) leer ons kinders dat die toename van hartaanvalle, borskanker en toenemende onvrugbaarheid by vrouens te wyte is aan die hoë vlakke van woede wat in die suksesvolle vrou vasgekrop sit!
- Sedes verval: enersyds neem die grootste gros mense deel daaraan, maar andersyds word daarteen gewaarsku.
- Dinge wat altyd sonde was (soos homoseksualisme), word in hierdie verwarrende era met vers en kapittel uit die Bybel bewys dat dit nie sonde is nie – natuurlik met allerhande alternatiewe hermeneutiese reëls.
- Seksuele verhoudings wat in die lig van die Skrif en histories as ongeoorloof of pervers

beskou is, word toenemend as wettig beskou. Daarmee saam word menslike geslagtelikheid al hoe meer pornografies uitgebeeld.
- Die bestaan van die duiwel en die hel word bevraagteken.
- Korrupsie word toenemend ’n aanvaarbare en alledaagse lewenstyl.

Die postmoderne verwarring van waardes loop daarop uit dat die mens sy beeldskap van God verloor en ontken – evolusie verklaar die mens as hoogs ontwikkelde spesie uit die diereryk.
- Daarmee word die mens verlaag tot ’n dier en ontbeeld van die heerlikheid van God.
- Natuurlik kan ’n mens wat homself as ’n produk van evolusie beleef, nie deel in die redding deur die Here Jesus Christus nie – want die Here Jesus het nie vir die verlossing van diere kom sterf nie.
- Die Here Jesus Christus sterf vir verworde beelddraers van God.

*Omdat die mens homself toenemend as ’n dier sien – en die skoolprogram dit vir alle kinders leer – verdierlik hy makliker in sy lewenstyl. Skrifbeginsels en Skrifetiek word vervang met dierlike drange wat as “natuurlik” voorgehou word.*

Myns insiens is die vrou kragtens haar skepping die een wat deur God toegerus is om die kerk van die Here uit hierdie verwarring uit te lei.
- Dis immers wat die inhoud van haar hulpskap is!
- Daarom beeld die Here die verloste heilige algemene christelike kerk ook uit as ’n vrou: sy bruid.

Die vrou is lewe-voortbringer!
- Die Here gee en neem lewe – maar Hy wek lewe op in die vrou se liggaam!
- Dis waarmee Hy haar vertrou. Behalwe Adam kan geen man daarop roem nie!

Die lidmate van die Here se kerk word almal uit die vrou gebore.
- Geboorte volg juis nie as vrug in gay-huwelike waaruit lewe nie gewek kan word nie.
- Lewe kom tot stand in die huwelik wat God uit die mooi en onderskeie drade van manwees en vrouwees geweef het.
- Hierin speel die vrou die hoofrol.

*Daarom is juis sy die een wat in ons postmoderne era die wydverspreide onsekerheid en verwarring oor komplementêre (aanvullende) verskille tussen manlikheid en vroulikheid uit die weg moet en kan ruim.*

My vrou se Duitse ouma het haar dogters en kleindogters grootgemaak met die volgende lewenswaarheid: “’n Ware vrou vee nooit haar man se kroon onder die tafel in nie. Sy moet sterk genoeg wees om sy kroon op sy kop terug te sit as hy dit laat afval!” Sy was die vrou van ’n Morawiese sendeling wat die stryd saam met hom gestry het om heidene te bekeer en die dinge te leer wat voor God waarde het.
- Daardie lewenswaarheid staan skerp teenoor die verwarrende moderne feministiese gelykmaking (egalitarisme) wat toenemend bevorder word.
- Met hierdie verwarrende beskouing word die blymoedige harmonie wat die Skrif stel tussen die nederige en liefdevolle leierskap van die verloste eggenoot en die wyse en gewillige ondersteuning van daardie leierskap deur sy verloste vrou, verteken of verwaarloos.

Die vrou is die enigste een wat eintlik die huidige algemene onsekerheid kan uitwis met betrekking tot die waardes van moederskap, die roeping van tuisteskepper en talle vorme van dienswerk wat in die verlede deur vrouens verrig is.

- Die gelowige vrouens wat nog waardes het, kan die verwarring – ten minste dan by ’n gedeelte van die mensdom – uitwis deur vaste waardes aan ’n volgende geslag oor te dra en haar Bruidskap van die Here Jesus te vertoon.
- ’n Man kan bitter moeilik sy dogters leer om vroulik te wees.

Wie is meer en beter toegerus as ’n gelowige vrou om die neiging by sommige in die kerk wat die kerk by die tydsgees wil inpas, te reformeer?

- Mans en hulle standpunte word by voorbaat afgemaak as manlik en chauvinisties.
- Mans se insette – hoe eerbaar dit ook al is – word vinnig bevraagteken in hierdie neomoderne era – terwyl daar nog die geneigdheid bestaan om na ’n vrou wat haar weet ken, te luister en haar standpunte te oorweeg.

*Ons tyd het vrouens nodig wat deur die krag van die Heilige Gees in staat is om ons geloof en ons sterwende geloofskultuur weer op te hef sodat dit weer die komende koninkryk van God kan weerspieël.*

- Is vrouens hiertoe in staat?
- Het julle wat hier is ’n sterk genoeg band met die Here en kennis van sy Woord dat julle hierdie roeping wil aanpak?
- ‘n Tipies manlike opmerking sou wees: Weet die vrouens ooit waaroor alles gaan?

In die Bybel is daar heelwat voorbeelde van vrouens wat in krisissituasies vinnig moes optree om oplossings vir die saak te bewerk.

Dink aan die keer toe Sippora Moses se lewe gered het in ’n groot krisis!

- Ons indruk van Moses is dat hy hierdie Godsman van formaat is wat seker nie maklik iets verkeerds sou doen nie!
- Tog was hy die man wat sy kinders se inlywing in God se verbond heeltemal opsygeskuif het!
- Dit was juis die ding waaroor die Here hom daardie nag in die herberg wou doodmaak!
- Sippora het besef wat aan die gang was en sy het ingespring en Gersom besny! Sy het dit sommer met ’n klip gedoen!

Dit moes ’n bloedige geveg gewees het, want niemand sal my oortuig dat daardie tienerseuntjie sou toelaat dat sy ma hom sommer net so besny nie! En dit nogal met ’n klip!

- Dis waarom sy Moses in haar woede daarvan beskuldig dat hy haar bloedbruidegom is! *(Engelse vertaling: bloody husband! Boereafrikaans: blêrrie man!)*
- Die Here het Moses se lewe gespaar as gevolg van haar daad!

Luister hoe die Bybel dit beskryf:

> Eksodus 4:25: **Toe neem Sippóra ’n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my ’n bloedbruidegom!**
>
> Eksodus 4:26: **En Hy het hom laat staan. Toe het sy gesê: Bloedbruidegom! – met die oog op die besnydenis**.

Daar is meer voorbeelde waar vrouens in krisistye taamlik hardhandig opgetree het om situasies te red. Dink maar net hoe Jael vir Sísera op sy herrie gespeel het!

> Rigters 4:21: **Toe neem Jael, die vrou van Heber, ’n tentpen en vat die hamer in haar hand en gaan stilletjies na hom en dryf die pen terwyl hy vas aan die slaap was dwarsdeur die slaap van sy hoof, sodat dit in die grond indring. So het hy dan bewusteloos geword en gesterwe.**
>
> Rigters 5:26: **Haar hand steek sy uit na die tentpen en haar regterhand na die werksman se hamer; en sy hamer Sísera, verpletter sy kop en verbrysel en deurboor die slaap van sy**

**hoof.**

Tydens ’n ander geleentheid het ’n onbekende vrou ’n meulsteen van die stadsmuur af op Abiméleg se kop gegooi

> Rigters 9:52, 53: **En Abiméleg het gekom tot by die toring en daarteen geveg; maar toe hy nader kom tot by die ingang van die toring om dit met vuur te verbrand, gooi ’n vrou die boonste meulsteen op die hoof van Abiméleg en verbrysel sy skedel.**

Ek is nie oortuig dat hierdie vrou die sagte, vroulike, onbeholpe tipe was nie. Ek dink sy was ’n Spartaan of ’n Amasone! Maar sy kon dink en optree en haar volk red!

Daar is talle meer sulke voorbeelde van vroue van daad wat in oomblikke wanneer die verwarring in blom gestaan het, die leisels in hulle eie hande gegryp het:

- Dink aan Debora wat as rigter opgetree het omdat die hele volk se manne te pap was om iets te beteken – en die enigste man wat nog bereid was om die swaard op te neem, het dit net gedoen omdat hy agter Debora se rokspante kon wegkruip!
- Dink ook aan Lydia die purperverkoopster. Sy was ’n *professionele vrou* (werkende vrou) – daar is genoeg van julle vandag hier onder die toehoorders.

Mag die Here julle almal met sy Heilige Gees lei om in verskillende lewensomstandighede aan die Here gehoorsaam te lewe. Mag Hy julle optrede en die leiding wat van julle af uitgaan, versier met goeie werke (1 Timoteus 2:10) en met ’n sagmoedige en stille gees (1 Petrus 3:4). Mag julle lewenswandel rein en godvresend wees (1 Petrus 3:2).

Dankie vir die geleentheid saam met julle almal.
Thinus du Plessis
12 Maart 2011